

Sing vooraf: Psalm 25:1, 2 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrouwe wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.
- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:17 (p. 147)

- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons van ons skuldvergifnis deur die Here met Psalm 103:2 (p. 504).

Wet

Psalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 133:1 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.

Skriflesing: Lukas 11

Teks: Lukas 11:42

Maar wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van die kruisement en die wynruit en elke groentesoort, en julle verwaarloos die reg en die liefde tot God. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. (Lukas 11:42 AFR1953)

Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. Ons moet dit saamlees met 2 Johannes 1:6

En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie. Dit is die gebod soos julle van die

begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel.

(2 Johannes 1:6 AFR1953)

Liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe.

Die vertrekpunt van gehoorsaamheid aan die Here is liefde vir Hom.

- 1. Iemand wat in sy godsdiens uiterlike dinge beklemtoon, omdat hy die Here nie werklik liefhet nie, doen skade aan die kerk.**
- 2. Liefde vir die Here kom daarin na vore dat ons die uiterlike dinge in ons godsdiens vanself reg doen.**

- 1. Iemand wat in sy godsdiens uiterlike dinge beklemtoon, omdat Hy die Here nie werklik liefhet nie, doen skade aan die kerk.**

Daar is verskillende soorte mense in die kerk.

- Almal is mense wat wel die Naam van die Here gebruik.
- Maar sommiges het 'n heeltemal ander agenda as om die Here te ontmoet – ten diepste is hulle ongelowiges.

Hierdie mense veroorsaak vir die Here 'n probleem in sy kerk.

- Hulle oefen 'n negatiewe invloed op ander gelowiges uit.
- Die eindresultaat is dat baie mense binne en buite die kerk hulle vertrou in die Here verloor omdat hulle hulle nie kan vereenselwig met die manier waarop die sogenaamde gelowiges in die kerk optree en lewe nie.

Die Here Jesus praat sulke mense aan.

- Hy wys ondubbelsinnig watter skade hulle nie net aan hulleself nie, maar veral aan die ander gelowiges doen.
- Uiteindelik kom hulle in die noute by die Here self.

Die eerste groep wat deur die Here aangepraat word, is die Fariseërs.

- Met 'n aantal voorbeelde wys die Here vir hulle hoe hulle godsdiens en aanbidding veruitwendig.
- Hulle laat soveel klem op die sigbare vertoon van hulle godsdiens val, dat die innerlike omgang met die Here nie meer bestaan nie.
- Hulle het aanbidding verskuif weg van die verhouding *aanbidder na God toe na aanbieder gesien en verheerlik deur die mense wat sy godsdienshandeling sien.*

Dit is 'n belangrike klemverskuiwing, want in plaas van omgang met God word die hoofsaak 'n vertoning voor mense.

- Dit word byna 'n vertoning in 'n teater waar die mense op die straat die toeskouers is wat moet hande klap oor wat hulle sien, terwyl dit andersom moes wees.
- Die mense moes in die daders se optrede eintlik gesien het hoe hulle ware dankbaarheid teenoor God uitlewe sodat hulle daarin kon volg.

Om die punt te verduidelik sodat hulle dit kan verstaan, het die Here by hulle reinigingsgebruike aangesluit.

- Die reinigingsgebruike het baie uiterlike dinge gehad wat hulle moes doen, soos byvoorbeeld om hulle eetgerei blink en skoon te hou.
- Die Here het waarskynlik verwys na die eetgerei op die tafel voor Hom toe Hy gesê het dat die beker en die skottel aan die buitekant mooi blink geskuur is.
- Die verwysing daarna dat die binnekant vol roof en slegtigheid is, sien op die skottels en die Fariseërs.

Die Here het iets geweet oor die kos wat aan Hom bedien was, soos dat die inhoud van die skottels waarskynlik op 'n oneerlike manier bekom was.

- Die Bybel noem dat die Fariseërs die weduwees se besittings opgeëet het.
- Hierdie geval kon moontlik so iets gewees het (vergelyk Lukas 20:47; Matteus 23:25).

Die punt waaroor dit gaan – en dit is baie belangrik – is dat die manier waarop die reinigingswette uitgevoer is, iets moes sê van hoe en wat die mens is wat die handeling uitvoer.

- Met ander woorde, as iemand die reinigingswette uitgevoer het, moes dit 'n weerspieëling wees van die betrokke mens se innerlike.

Daarom pas die Here Jesus die saak van die borde en die bekere dadelik toe op die oneerlike inbors van die Fariseërs (Lukas 16:14):

- Hulle is roofsgtig en oneerlik. Dit is verkeerd dat dit so is.
- Daar moet gelykheid kom tussen die innerlike vertrekpunte in jou hart en die praktiese dinge wat jy doen.
- Die ware gelowige se lewe moet so wees dat sy stoflike reinheid gedra word deur sy geestelike reinheid.

Die uitspraak van die Here raak ons ook.

- Die uiterlike vertoon kom by die Here tweede en die innerlike verhouding met die Here kom eerste.
- Daarom kry ons uitsprake wat ons innerlike vertrekpunte duidelik stel, soos byvoorbeeld Romeine 3:10 wat reguit sê dat daar geen enkele mens regverdig is voor die Here nie.

Ons almal het gesondig.

- Dit beteken dat die mense wat godsdienst so veruitwendig daarop moet let dat niemand nog ooit sy saligheid kon bewerk met seremonies of met 'n oënskynlik heilige lewe nie.
- Die Here wys die Fariseërs daarop dat hulle die tiendes gee – maar hulle gee dit verkeerd.
- Ons lees op verskeie plekke in die Bybel waar die Here die afdra van die tiendes ingestel het (Levitikus 27:30; Numeri 18:21; Deuteronomium 2:6vv.; Deuteronomium 14:22-27).
- Die Fariseërs het hierdie bevel van die Here uitgebrei.
 - Hulle het tiendes van dinge gegee wat nie eers deur die Here genoem is nie.
 - Daarmee het hulle geglo dat hulle nog beter doen as wat die Here hulle beveel het.
 - Dit het dus ook in hierdie opsig vir hulle gegaan oor die uiterlike vertoon in hulle godsdienst.

Die Here wys hulle skerp daarop dat dit nie net by tiendes moet bly nie. Daar kom iets baie groter by.

- Die liefde vir God moet die beginsel van al jou handeling wees.
- Hy wys hulle daarop dat die reg van God en die liefde van die Here by hulle ontbreek.
- Die heel belangrikste dinge in die verhouding met die Here is nie daar nie.

Die tweede groep wat deur die Here gegryp word, is die wetsgeleerdes.

- Dit is die mense in die kerk wat altyd wil hê dat elke ding net volgens die letter van die wet moet gaan.
- Hulle het geen geestelike soepelheid nie.
- Hulle kom self ook nie by al hulle eie voorskrifte nie, maar hulle kyk altyd rond watter ander persoon oortree.

Die Here sê vir hulle dat hulle die hemel vir ander toesluit, maar self gaan hulle ook nie in nie. Dit was

nog altyd so dat mense wat die Here se liefde gemis het, innerlik sleg geraak het. Dink aan die voorbeelde wat Paulus baie jare later vir ons neerskryf:

. . . sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; (2 Timoteus 3:3-4 AFR1953)

hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God (2 Timoteus 3:3-4 AFR1983).

Wat is die fout met hierdie klomp? Dieselfde as met die Fariseërs: Hulle kyk na die uiterlike handeling in die godsdiens, maar hulle mis die binnekant daarvan, naamlik die liefde van God.

2. Liefde vir die Here kom daarin na vore dat ons die uiterlike dinge in ons godsdiens vanself reg doen.

Let op hoe die Here ons in die Nuwe Testament hieroor leer:

- Die liefde vir Jesus moet op my hele lewe beslag lê sodat elke oomblik van my lewe bestaan uit gemeenskap met die Here en nie uit 'n gevoorgeëry of 'n gefoutvindery met ander mense se lewens nie:

Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

(Galasiërs 2:20 AFR1953)

'n Werklike geloofslewe is dus nie net om die liefde van God te ken nie, maar ook om dit te verstaan.

- As ons daardie punt bereik het, dan val elke ding in my lewe in sy plek.
- Dan doen ek nie allerhande selfvoldane dinge om my geloof te bewys en ander mense se aansien daarmee te wen nie.
- Dan is my innerlike kontak met die Here op so 'n standaard dat die dinge wat sigbaar word in my lewe vanself daarop gerig is om Hom te verheerlik.

Ander mense sal deur sulke optrede nadergetrek en gewen word sodat hulle ook hierdie bande met die Here wil hê wat mens van binne uit nuut maak.

Die Here stel selfs die sakramente – wat sterk uiterlike tekens en uiterlike deelname het – ook onder hierdie beginsel:

Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. (Galasiërs 5:6 AFR1953)

Die 1983-vertaling stel dit so: In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan. (Galasiërs 5:6)

Net 'n entjie verder in Galasiërs 5 stel die Here al die gawes wat aanvanklik onsienbaar is, maar wat in 'n ware gelowige se lewe sigbaar word wanneer hy met ander mense saamlewe:

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

(Galasiërs 5:22 AFR1953)

Dink aan wat die Here alles oor die liefde skryf in 1 Korintiërs 13. Luister net weer na enkele dinge wat die Here ons daar leer en let op hoe die uiterlike dinge by die ware gelowige vasgegroeï sit op die dinge wat binne-in hom gebeur:

- Al sou ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.
- Al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.

- Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie.
- Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.
- Nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Luister na meer dinge wat die Here noem wat by die Fariseërs en wetsgeleerdes ontbreek het omdat hulle vertrekpunt verkeerd was. Die Here openbaar dit aan ons as 'n Nuwe-Testamentiese gemeente sodat ons nie weer in hierdie slaggate moet vasval nie:

- **. . . in reinheid, in kennis, in lankmoedigheid, in vriendelikheid, in die Heilige Gees, in ongeveinsde liefde;** (2 Korintiërs 6:6 AFR1953)
- Ongeveinsde liefde in die Heilige Gees is die basis van reinheid, kennis, lankmoedigheid en vriendelikheid!

Onthou nou, ons behoort reeds hier te wees, want die Here se kruisdood het ons reeds in hierdie toestand geplaas waar die Heilige Gees voltyds by ons bly en in ons werk.

Luister na die aansporing aan die Korintiër-gemeente waar daar baie duidelik gesê word wat by hulle gaan gebeur wanneer die liefde en vrede van God by hulle is:

Verder, broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees.
(2 Korintiërs 13:11 AFR1953)

Al die dinge is bloot die neerslag van die kruisdood van ons Here Jesus Christus op ons eie lewens.

Ons lees baie keer by dinge verby sonder dat ons op die oomblik beseft wat die Here alles vir ons sê. Een so 'n uitspraak is die een wat die Here maak in Openbaring 2:19:

Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. (Openbaring 2:19 AFR1953)

Uit die ware kerk se liefde kom daar 'n hele wêreld van diens aan God en medemense na vore. Maar die beginpunt van alles is die liefde.

- Elke keer wanneer ons uit die erediens uit wegstap in die wêreld in, stuur die Here ons met sy liefde weg.
- **Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.**
- Hy stuur ons nie om te gaan goeie werke doen nie. Hy weet dat dit vanselfsprekend sal kom as ons Hom liefhet en in sy liefde lewe (2 Korintiërs 13:13).

Wat beteken al hierdie dinge as ons dit saamlees met die probleem wat die Here met die Fariseërs en wetsgeleerdes gehad het? Dit beteken vir ons twee dinge:

- Die eerste is dat ons die liefde van die Here vir onself moet aantrek sodat ons eie geloof, en vanselfsprekend ook ons lewe, verdiep en verbeter.
 - Dink hier byvoorbeeld aan die woorde van die Here in Efesiërs 3:18:
. . . en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,
(Efesiërs 3:18 AFR1953)
 - Anders gesê: Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.
 - Die Here leer ons al hierdie dinge sodat ons bemoedig moet word. Ons moet met liefde aan mekaar verbind wees en saam strewende na diep en volledige insig sodat ons God se geheimenis kan ken. Die geheimenis is die Here Jesus Christus (Kolossense 2:2).

. . . dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, (Kolossense 2:2 AFR1953)

- Die tweede is dat ons ander mense met ons geloofsluwe na die Here toe trek.
 - Ons moet presies die teenoorgestelde bereik as wat die Fariseërs bereik het, want hulle het mense afgestoot en gemaak dat die ander mense hulle vertrou in die Here verloor het.
 - Dink hier weer aan 'n uitspraak soos Efesiërs 4:2:
Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. (Efesiërs 4:2 AFR83)
met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra (Efesiërs 4:2 AFR1953)
 - Dink ook aan die uitspraak in Filippense 2:2:
. . . maak dan my blydschap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. (Filippense 2:2 AFR1953)
maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. (Filippense 2:2 AFR1983)

Broeders en susters, die Here waarsku ons dat ons liefde nie net woorde en lippetaal moet wees nie. Dit moet ook in opregtheid met die daad bewys word (1 Johannes 3:18). Kom ons lewe dan so dat ons liefde wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom (1 Timoteus 1:5).

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1-3 (33:1-3)

- 1 Wat 'n liefde^{en} volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore^{is}, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewge vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare^{omlyning} / Hom aanskou in sy verskyning.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde^{is} ongeregtheid!
Maar ons lewe^{uit} God gebore, / is tot heilig-wees verkore!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 3 Februarie 2008 (oggend)